Handgun Hunters Association of Southern Africa



Handwapen Jagtersvereniging van Suider-Afrika

GEVORDERDE TABELLE

Drie skiettabelle is daargestel om verskillende afstande en habitatte te simuleer en kan in streeksverband of as ’n posliga geskiet word.

Bos: 10 tot 30 meter.
Savanne: 30 tot 70 meter.
Karoo: 70 tot 130 meter.

Savanne-tabel:

Die doel van hierdie skietoefening is om handwapenjag in bosveld habitat met struike en bome te simuleer waar afstande wissel van 30 tot 70 meter. Hier is die spesies wild baie meer en sluit ook die groter wild soos Koedoe en Eland in. Daar is geen beperking op die kaliber of die tipe aksie nie. Yster of optiese visiere mag gebruik word. Geen bankrus toerusting mag as rus gebruik word nie. ’n Rus soos in die jagveld gebruik word toegelaat. (bv. boomstomp of driepoot stokke)

Die SA Jagters Blouwildebees-skyf word gebruik. Die tel-areas is soos op die skyf hieronder aangedui. Die telling is 15 skote wat elk 30 punte tel, moontlike totaal is 450 punte.

Die skietoefening:

Vanaf 30 meter: skiet 5 skote uit sit of kniel posiesie, ’n rus word toegelaat.
Vanaf 50 meter: skiet 5 skote uit enige posiesie, ’n rus word toegelaat.
Vanaf 70 meter: skiet 5 skote uit enige posiesie, ’n rus word toegelaat.

(**L.W.** Die gebruik van ‘n 22LR of ander klein kalibers is nie noodwendig geskik vir die jag van die spesie soos op die skyf gebruik nie. Gebruik slegs kalibers soos in die provinsiale ordinansie uiteengesit vir wettige jag.)


V30
-10
10
10
-10
20
-10
V30
30